

4 April

Skrifgedeelte: Matteus 13:1-16
Fokusgedeelte: Matteus 13:8, 12

Die Koning van die Gods ryk saai die saad van die Woord – hoe ontvang ons dit?

Jesus se gelykenisse is aardse verhale met 'n hemelse betekenis, waarmee Hy vanuit die bekende die onbekende verduidelik. Maar as ons die gelykenisse reg lees, is dit nie alleen bedoel om te openbaar, bekend te maak nie, maar ook om te versluier en te verberg (vs. 12).

Dit beteken dat dié wat in geloof luister, die sleutel tot die gelykenisse ontvang en bring dié vorm van onderrig vir hulle oervloed in geloof. Maar wie hierdie sleutel nie begryp nie, sal hierdeur verloor ook dit wat hy het. Daarom is daar ook iets van 'n oordeelsaankondiging in Jesus se prediking deur die gelykenisse opgesluit (vs. 15).

Om dus die boodskap hierin oop te sluit, het ons die sleutel nodig, naamlik Jesus Christus self. Wie Hom ken, sien die groot en magtige dinge van God se koninkryk hierin raak. So is die gelykenis van die saaier die eerste van die koninkryksgelykenisse.

Die Koning van die koninkryk saai self die saad van die Woord in die wêreld. Die saad is suiwer, eg en edel en ons mensehart is die saai-akker. Daarom wys die gesindheid van die mens die gevare en bedreigings uit waaraan die saad blootgestel word. Maar duidelik kan die kragtige werk van die Heilige wat laat groei, nie deur die werke van die Bose verwoes word nie. Die duiwel werk deur ongeloof (die pad) en oppervlakkigheid (op die rotsagtige deel), deur aardse sake en begeertes (dorings en dissels) om die groei te beperk.

Daar is immers 'n oes van buitengewone hoë opbrengste – honderd-, sestig- en dertigvoudig! En juis hierin word die karakter van sy Koningskap weergegee. God bewerk 'n oorweldigende oes ten spyte van die moontlikhede van mislukking deur Satan se werke. En dan leer ons dat die Saaier uiteindelik self ook die saad word, wanneer Hy as die koringkorrel in die aarde val en sterf om dan op die bestemde tyd op te staan in hemelse majesteit en heerlikheid, nieteenstaande die Joodse weerstand (Joh. 12:24).

Sing: Psalm 126:2, 3 (1936)

Ds. JE Franck (Ladysmith/Glencoe)